Ges. 109: 1
" 106: 3, 4.
Ges. 112: 1, 7, 10.

# Immanuel!

Jes. 7: 10-16
Matt. 1: 18-25.

P | 25 Des. 1956.
a/Kp 25 Des. 1959

Matt. 1: 23 - Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons

„God met ons". So staan dit geskrywe op ons kanselkleed hier voor - vir jare reeds. Elke Sondag, elke feesdag kyk ons daarna, lees ons dit weer: God met ons. En as ons dit lees, dink ons daaraan dat hd. woorde alleen geskryf kon word omdat Christus eenmaal gebore is?

Hoe onbegryplik, hoe onweerstaanbaar, hoe ongelooflik - so staan dit in ons teks: God met ons! En so het God bedoel dat ons dit moet sien en daarteenoor moet staan: in godd. eerbied - in heilige onbegryplikheid, in jubelende dankbaarheid - dat eens eendag dit bewaarheid is: God met ons.

Ons sien dan in hd. teks:

I Immanuel - in Christus bewaarheid
II " - in Christus lydene
III " - in Christus bevestig

## I Immanuel - in Christus bewaarheid:

Van alle eeue was daar in d. hart v.d. mens d. brandende begeerte, die diepe dors om God te ontmoet - om te kan uitroep: Eindelik is God met ons! Soms, vir enkele oomblikke, het d. mens gedink dat God werklik met hom was - maar dan moes hy weer ontdek: nee - dis fouteif: God is ver weg van my. Ek jaag na God, ek soek na God, ek smag na God - maar dis al of ek God nie kan vind nie!

O, watter aaklag deur al die eeue om by God uit te kom! Hoe d. mens nie h/s afgesloof, geoffer, gemartel om by God te wees – tevergeefs!

En nou skielik word d. mens die onbeskryflik-vreugdevolle tyding gebring: God met ons! (Immanuel –) Nie 'n gees, 'n droombeeld, maar in vlees en bloed, iemand in mensgestalte: God met ons!

Besef u dat in Jesus hd. woord Immanuel bewaarheid word? Dat sy geboorte ons die wonderblye versekering bring: God – God self – het in sy Seun in hd. sondige wêreld deurgebreek – God self het d. hemel geskeur om deur 'n klein kindjie, hulpeloos swak in 'n krip, aan ons mensekinders te kom sê: God is nie meer ver weg, hoog verhewe, onbereikbaar (soos julle dink nie). Nee! Want met Jesus Christus se koms breek daar ook 'n nuwe tyd aan – Gods tyd – vir 'n verdwaasde en verlore wêreld! Nooit meer mag iemand sê: God is weg van ons – want Christus is gebore!

Johannes – „Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid"

Immanuel in Xtus bewaarheid!

II Immanuel – in Christus belewe: Maar dit help niks om net te sê: in Jesus Xt het God self tot ons gekom as ons dit nie persoonlik kan belewe nie! Eers wanneer ons verstaan wat dit vir ons persoonlik beteken dan word d. woord Immanuel vir ons 'n lieflingswoord!

Ons wil weet, ons moet weet of dit werklik so is dat God met ons is. Veral die terrein van ons lewe waar ons seker wil wees: God hier met ons? Het Jesus Christus se lewe dit bewys?

Met ons: In ons vreugde? In ons verdriet? In ons versoekings?

a) (I) Met ons in ons vreugde: Ons moet dit weet – anders ons vreugde 'n hopelose saak – 'n ydele genieting! Wêreld se aanklag: julle vreugde so min. Ons antwoord: Kyk na Jesus – hoe deel Hy in ons vreugde! (Bruilof in Kana – blymoedigheid oor koms v. God!)

b) (I) Met ons in ons verdriet: U sê miskien – God met ons. Maar is God ook met my in my armoede, my ellende, my siekte, my eensaamheid, my nood, my verlating?

Kyk na Jesus – waar iemand wat meer gedeel het, hart en siel, met sy medemens in al sy verdriet as Jesus? (Wat 'n vriend het ons in Jesus)
→ Dogtertjie v. Jairus, Weduwee v. Nain, Martha & Maria
Petrus in d. verdriet v. sy verloëning v. sy Meester.

c) (I) met ons in ons versoekings:

–

bv: Petrus, Maria Magdalena, Judas!

→ Wat 'n geweldige troos: God met ons – al breek watter storms, al dreig watter kwaad, al oorval ons watter versoekings – God met ons! Toe Jesus gebore is dit geweet – nou belewe!

→ Sal ons dan nie antwoord op sy uitnodiging:
— Soek hulp by Hom, siel, wat die dood deur helleweë gespring het!
— Gebroke hart, toon Hom jou wonde!
— Die Ewige Vader sal jou red!

III Immanuel – in Christus Bevestig:

Maar as Kersfees ons die boodskap bring: God met ons – dan wil ons weet: hoe ver gaan die bdskap ? Tot Ingegaan? Oor d. buite? Is dit net vir hd. lewe en ʼn stryd of ook vir – die ewigheid? Want d. mens lewe mos nie net vir hd. lewe nie – daar wag mos d. ewigheid! Beteken Christus se Kersfees ook dit: Immanuel – tot in ewigheid? of moet God ook daar met my saam – of moet ek daardie donker weg alleen bewandel? As ek d. doodsvallei betree! Gaan self ons beste mense nie mee

Dan herinner ons u aan Ps 23: „Al gaan ek ook in ʼn dal van doodskaduwee ek sal nie vrees nie want U is met my – u stok en staf vertroos my"

Joh. 14:1,2 – Laat julle hart nie ontstel word nie –

En as ons dan dink aan Xhs se weg van Bethlehem na Golg, v.d. Krib na d. kruis, en dan verstaan ons nie d. eerste maal die woord word in d. N.T. gebruik word – wat net eenmaal i/d N.T. gebruik

Immanuel

→ O Vredevors, u ryk erbarme
bring vrede op aard en in my siel.
Omvang ons met u reddend arme
laat al wat adem voor u kniel!
U troon bevestig God die Vader
met reg en met geregtigheid
daar sal u blye volk vergader,
lofsingend tot in ewigheid!